Donderdag **15 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 15:8-10**

**Fokus gedeelte: Lukas 15:8**

**Opsoek van verlorenes vat tyd en moeite**

Indien daar iemand oor my pad kom, en die geleentheid tot gesprek natuurlikerwys na geloof oorgaan, en as ek gemaklik voel om dit te doen, en toegerus genoeg voel, sonder dat dit te veel van my vra ... dan sal ek waarskynlik met daardie persoon bemoeienis maak en praat oor geloof ... Is dit wat ons in die gedeelte raaklees?

Ons lees dat die vrou wat die muntstuk verloor het, lig maak (juis ter wille van die soektog), uitvee en deeglik soek. Dit is intensioneel, dit vat moeite en dit is doelgerig.

Haar motivering is die waarde van die muntstuk. Ons sien ook hoe belangrik dit vir haar is deur die vreugde wat beskryf word (soos ook in die ander twee gelykenisse), wanneer dit gevind word. As iemand verlore raak, is dit belangrik dat hy/sy gevind word. Dit vat moeite, energie, fokus, doelgerig, beplanning. Dit is prioriteit. Daardie een persoon is kosbaar en mag nie verlore gaan nie.

God soek jou in Christus op met sy liefde. Hy laat jou ook nie los wanneer jy afdwaal nie. Hy hou jou vas. Daar is vreugde wanneer jy terugkeer. Met daardie liefde van Christus soek ons ook ander op.

*Sing: Psalm 32-1:1, 6*

*Ds. CJ (Johan) van Heyningen (Stellenbosch)*